Tant Gertjie vergelyk 'n kind met 'n skilpad.

- ❖ Jy dink 'n kind is stadig en jy is gerus maar 'n kind kan net so vinnig verdwyn.

Op die agtste dag sê die konstabel dat hulle moet aanvaar dat Lukas dood is.

- ☹ Sewe maande na Lukas se verdwyning het die groot reëns gekom.
- ☹ Die boswagter daag by die van Rooyens op en sê dat hulle 'n kleinerige kind se geraamte gekry het.
- ☹ Hulle het dit by die Gounarivier tussen die opdrifsels gekry.
- ☹ Hulle is nie 'n 100% seker dat dit wel Lukas se geraamte is nie want dit kan ook 'n bobbejaan s'n wees.
  - Die onsekerheid duur voort.

- 👁 Barta het verouder vandat Lukas verdwyn het.

- ☹ Sy is opgehuil/kan nie meer huil nie en verslae oor die nuus.
  - Sy is in lanfer/swart geklee. (Rouklere)

- Elias rol sy kop heen en weer soos een wat nie kan glo dat sy seun dood is nie.

**Tydsverloop** word aangedui wanneer ligte in die huis aangaan.

- Die mans wat later daar opdaag.
- Lanterns wat aangeskakel word.

Uit die gesprekke van die mense besef die leser dat die kanse maar skraal is om 'n 3-jarige kind in die bos te vind met die digte mis.

Klank trek nie ver as gevolg van die mis nie.

- Hulle gaan sukkel om 'n 3-jarige kind te hoor roep of huil.

Grootvoete is ook 'n gevaar.

**Die "STEM OP DIE BAND" is die alomteenwoordige verteller.**

- **Die wegraak van Lukas word feitelik en sonder emosie aan die gehoor oorgedra.**

# EERSTE BEDRYF TONEEL 2 (DEEL 1 – bl. 46-48)

**Eksposisiegedeelte**: Die ruimte van Fiela se plaas in die Lange Kloof word aan ons voorgestel.

- Daar is die kinders se stemme wat 'n volstruis aanjaag.
- Die atmosfeer is ligter – die kinders is vrolik.
- As verteller in die monolooggedeelte gee Fiela vir ons meer agtergrond oor die Lange Kloof.
- Ons raak ook bewus van haar sterk geloof.

Fiela en Selling is in gesprek (voer 'n dialoog).

- ✓ Selling beskryf Benjamin as 'n kind wat nie daarvan hou om agter te draf nie.
- ✓ Fiela se besorgdheid oor Benjamin kom ook na vore.
- ✓ Selling vertel Fiela ook van die perdekar wat hy al heel week in die Lange Kloof sien rondry.
    - Fiela dink dit is smouse.
    - Selling moet vir hulle sê dat hulle met Rossinski deel.
    - Daar is heelwat dasvelle en Fiela sê dat Selling dit kan smous vir niks onder twee oulap 'n vel nie.
        - Ons kan sien Fiela is in beheer van die huishouding.
        - Sterk persoonlikheid.
    - Selling dink dat hulle predikers is wanneer hy hulle kleredrag opmerk.
    - Uit hulle kleredrag kan ons aflei dat hulle besoek 'n amptelike besoek is.
        - Daar is 'n lang man met skryfgoed in sy hande en hy dra 'n bril.
        - Die dikke is rooi in sy gesig.

Dit is **ironies** dat Selling die mans op die perdekar as predikers aansien want dit is uiteindelik dié mans wat Fiela se grootste hartseer gaan veroorsaak wanneer hulle Benjamin van haar gaan kom wegneem.

* Dit is ook ironies dat sy noem dat die mans maar kan kom want sy is reg vir hulle MAAR min het sy geweet wat wag op haar.

Ons as lesers word voorberei op naderende onheil/probleme wanneer Fiela die opmerking maak oor die valk wat haar mooiste kuiken gevang het MAAR hy sal nie weer skade kan aanrig nie want sy het haar kuikens toegemaak/veilig gemaak.
? Benjamin is nie veilig nie.

Uit Fiela se **monoloog** leer ons dat sy 'n positiewe/optimistiese persoon is met 'n sterk persoonlikheid en sy is die "baas".

- Sy wys op die verskille tussen die Lange Kloof aan die een kant van die berg en die anderkant van die berg waar die Seekant is.
  * Die berg skei die droë Lange Kloof en die nat woud aan die seekant.

| Lange Kloof | Seekant |
|---|---|
| 1. Droog en baie warm. | Reën baie/baie nat. |
| 2. Klippe en stof. | Bos |
| 3. Renosterbos en aalwyn. | Welige plantegroei. |

- Sy is baie gelowig.
  - Die Here was hulle genadig – hy het vir hulle die volstruis gegee.
  - Hulle lewe goed – as dit reën is daar kos in oorvloed.
  - Hulle het skape/die bok gee melk.
  - Selling se hande kan nog velle brei, hy maak karwatse en swepe en skoene.
- Selling is swak – kan nie meer harde arbeid verrig nie.
- Fiela moet soms baie hard met hom praat/skel/raas om Selling te kry om iets te doen.
  - Sy is streng/kwaai.
- Fiela se probleme word uitgelig : droogte/volstruise en smouse.

Fiela het vir Skopper, die volstruismannetjie, 'n wyfie (Pollie) gekry.

- Sy baklei met Skopper omdat hy nie eers opkyk om te sien hoe mooi sy wyfie is nie.
  - Dit lyk asof hy nie in die wyfie belangstel nie.

Fiela het Pollie by Koos Wehmeyer gekoop.

- Sy het haar vir ses karwatse en twee swepe geruil.

Ons leer ken ook Fiela Komoetie se ander kinders.

Dawid = 13 jaar

Tollie = 11

Kittie = 14

Benjamin klik oor Kittie wat amper deur die volstruiswyfie geskop is.

- ✓ Kittie sê baie vinnig hy lieg want hulle weet dat Fiela streng is en met haar gaan raas as sy onverskillig optree.

Benjamin word voorgestel as iemand wat nie daarvan hou om agter te loop nie = hy is 'n leier/sterk karakter/kan sy eie besluite neem.

- ☺ Selling is trots op hom.
- ☺ Hy hou homself besig met sy skuite op die water.
- ☺ Hy hol hout uit om skuite te maak.
- ☺ Dit is sy stokperdjie.

# EERSTE BEDRYF TONEEL 2 (DEEL 2 – bl. 49-51)

Die besoek van die sensusopnemers kan as die **motoriese moment** gesien word.

- ❖ Hulle aankoms sit die handeling aan die gang.
  - ✓ Dit is die begin van die opbou van spanning.
    - o Hierdie spanningslyn bou op tot die krisis en klimaks.

Die sensusopnemers het hulleself nie aan Fiela-hulle voorgestel nie.

- Hulle staan bekend as die Lange en die Dikke.
- Hulle kyk neer op Fiela-hulle.
- Hulle spreek Fiela as "vrou" aan.
- Hulle vra haar op 'n spottende wyse tydens watter pes of ellende sy gebore is.
  - ☹ Die mans is rassisties en impliseer dat Fiela-hulle ongeletterd is.

Wolwekraal behoort aan Fiela,

- Sy het dit van haar pa geërf.
- Hy het dit by ou meneer Wehmeyer gekry.
- Dit is 12 morge grond.
- Die papiere is by meneer Cairncross op Uniondale.

Die **verwikkeling** = Die verdere verloop van die drama dra by tot die spanningslyn.

- Ons raak bewus van Fiela se innerlike spanning en vrees wanneer sy as verteller *op band* praat.
  - Sy wou nie enige aandag op Benjamin vestig nie.
  - Sy wens die volstruiswyfie breek uit sodat die kinders haar kan agternasit of dat
  - Benjamin se skuitjie sal wegdryf en hy moet daarna gaan soek MAAR
  - Dan bid sy dat die Here vir Benjamin van die huis af moet weghou.
    - ☹ Toe Benjamin wel sy verskyning maak en sy die uitdrukking op die mans se gesig sien, was sy bereid om alles op te gee solank sy net vir Benjamin kon hou.

Wanneer die mans vir Benjamin sien het die Lange sy bril afgeruk (kon nie glo toe hy die wit kind sien wat Fiela wat bruin is "ma" noem nie) en

- Die Dikke se mond het oopgeval (verbaas oor wat hy sien).
- Wanneer Fiela die sensusopnemers se vrae beantwoord, word nog inligting aan ons bekend gemaak.
  - Fiela kan (anders as die van Rooyens) lees en skryf.
  - Sy het haar kinders se geboortedatums in 'n Familiebybel aangeteken.
  - Sy het grond van haar pa geërf.
  - Hulle is nie pagters (huurders) of werfvolk (plaasarbeiders) nie.

Ons kry die name van Fiela se kinders en wanneer hulle gebore is.

* Kittie, Dawid, Tollie, Emma en Benjamin.

Die Lang man wou weet wie se kind Benjamin was en Fiela het geantwoord dit was HAAR kind.

- Lang man glo haar nie want die kind is wit en sy is bruin.

# EERSTE BEDRYF TONEEL 2 (DEEL 3 – bl. 52-57)

Fiela sê Benjamin is haar **hanskind**.

- Sy het hom in die nag by haar agterdeur gekry.
- Sy het 'n gehuil gehoor.
- Toe sy die deur oopgemaak het, het hy daar gestaan.
- Hy was skoon en netjies.
- Sy glo sy ma het hom daar gelos.
- Dit was 9 jaar gelede.
- Sy skat/raai hy was so 3 jaar oud.

***Fiela het die kind se aankoms op Wolwekraal probeer aanmeld MAAR***

- ***Petrus Zondagh van grootplaas was agter by die see.***
- ***Daar was nie 'n magistraat destyds op hulle dorp nie.***
- ***Sy het toe die veldkornet probeer sien maar***
  - ***Hy was die 1ste keer agter skaapdiewe aan en die***
  - ***2de keer by 'n begrafnis.***
- ***Sy het nie weer probeer nie want toe was Benjamin te geheg aan haar en wou haar nie los nie.***

***Fiela het nie die ma probeer opspoor nie want 'n ooi wat sy lam weggegooi het, draai nooit weer om nie.***

Die sensusopnemers voel Fiela lieg vir hulle.

- Volgens hulle was sy skelm.
- Fiela sê sy het die kind van niemand gesteel nie.
- Sy kon die kind nie net daar buite gelos het nie.

Die sensusopnemers is nie te gelukkig dat die wit kind hulle "baas" noem nie.

- Fiela regverdig dit deurdat hy agter hulle aanpraat.

Die Dikke het skielik iets onthou van 'n kind wat destyds in Kom-se-Bos weggeraak het.

- Dit het 9 jaar gelede gebeur.
- Was ook 'n seun.
- Hy is nooit gevind nie.

Fiela beskuldig hulle dat hulle nou probeer visvang in 'n emmer.

- Benjamin kan onmoontlik daardie kind wees.
- 'n Kind van 3 jaar oud kan nie van agter die berge en deur die Bos tot by hulle loop nie.
- Daar was geen pad nie en die berge is baie erg.
- Die kind wat sy voor haar agterdeur gekry het, was skoon en netjies.

Die sensusopnemers wou Benjamin toe saam hulle vat.

- Fiela het geweier.
- Hulle sou haar eers moes keel-af sny.
- Hy is nou in die Goewermentsboek aangeteken as Benjamin Komoetie en dit sal so bly tot in lengte van dae.

Die Dikke het Benjamin se vertroue probeer wen.

- Hy noem vir Benjamin dat hy ook van skuitjies hou,
- Vra Benjamin om vir hom sy skuitjie te wys.
- Hy probeer by Benjamin uitvind of hy iets van sy verlede kan onthou.

Die senusopnemers deel Fiela mee dat hulle die volgende dag Knysna toe gaan.

- Hulle sal 'n bietjie gaan probeer uitvind oor die ander kind.
- Hulle sal terugkom.

Daar het 3 maande verloop vandat die sensusopnemers by Fiela was.

- Hulle was daar aan die begin van Februarie.
- Fiela word nie meer elke dag wakker en dink vandag is die dag wanneer hulle gaan terugkom nie.
- Die klip (vrees) word ligter.
- Selling is ook doodseker hulle gaan nie meer terugkom nie.
- Hulle gaan aan met hulle daaglikse take.

Met Pollie wat dans lyk die toekoms blink.
Groot blydskap heers.
(Ironies)

Fiela besluit die volstruise moet veld toe gaan en die kinders moet hulle gaan oppas.

- Benjamin mag nie saamgaan nie want hy bly aan die voorkant van die volstruise.
  - Hulle gaan hom oopskop.
- Dit is egter net 'n verskoning.
  - Fiela wil Benjamin nie onder haar oë laat uitgaan nie.
  - Bang die mans kom daar aan en vat hom.
- Tollie wil Benjamin eerder saam hom hê want Kittie slaap onder 'n bos en dan moet hy alleen na die volstruise kyk.
  - Fiela se strengheid kom weer na vore wanneer sy sê dat Kittie met die riem te doen sal kry as Fiela haar vang slaap.

Einde April kom Benjamin opgewonde ingehardloop en sê dat Pollie dans.

- Sy is gereed om te broei.
- Fiela wil graag die geld in die trommel spaar sodat sy nog grond kan koop.
- Fiela het gedink Skopper is te lui en te vet om vrou te vat.

# EERSTE BEDRYF TONEEL 3 **(bl. 57-59)**

Elias het Bos toe gegaan om grootvoete te vang. Hy het vir hulle 'n strik gestel.

- ☹ Hy het 'n boom naby 'n afgrond so gekap dat as die grootvoet homself teen die boom skuur/druk, dan gaan hy by die afgrond aftuimel.
  - Elias kan die tande uitslag en aan die skepe verkoop. Dit was baie geld werd.
- ☹ Elias se plan het misluk en die olifante het hom gejaag.
  - Hy was baie gelukkig om weg te kom – soos hy sê: God was hom genadig.
- ✓ Elias moes die handbyl, kortsaag, osrieme en kombers neergooi.
- ✓ Barta baie ontsteld oor die kombers.
  - Hulle het nie genoeg komberse vir almal nie.
  - Nie geld om nog te koop nie.
- ♟ Die boswagter het daar opgedaag en Elias skrik.
- ♟ Die boswagter bring gewoonlik slegte nuus of hulle koms voorspel moeilikheid.
  - Die boswagter deel Elias mee dat daar 'n moontlikheid is dat Lukas wat 9 jaar gelede weggeraak het, gevind is en lewend is.
  - Hy is in die Lange Kloof by bruin mense wat hom grootgemaak het.
- 🚹 Elias sukkel om dit te glo.

# EERSTE BEDRYF TONEEL 4 (DEEL 1 – bl. 59-62)

Fiela en die kinders kan nie aalwee tap nie want die Noordwestewind waai te erg. Fiela is soos 'n diktator – sy vertel almal wat hulle moet doen – niemand mag ledig wees nie.

- ❖ Benjamin moet eers die werf vee en die hoenderhok skoonmaak.
  - Daarna kan hy met sy skuitjies gaan speel.
- ❖ Kittie moet koffie maak.
- ❖ Emma moet seep wegvat na miss Baby toe en meel by die winkel gaan koop.
  - Die seep lyk nie so goed nie en Kittie blameer Benjamin.
    - o Hy het in die seeppot geroei i.p.v. geroer.
    - o Benjamin blameer haar want sy het nie opgedaag toe dit haar beurt was om te roer nie.
      - ➢ Kittie aan die lui kant.

Skielik besluit Fiela dat Pollie by Skopper ingejaag moet word.

- ❖ Tollie se been is oopgeskop dus sal hy nie kan help nie.
  - Hy moet in die huis bly.

Selling voel nie goed nie – die wêreld draai om.

- ❖ Fiela gee hom bakbossietreksel met suiker daarin om te drink – 'n ou boereraat.
- ❖ Fiela voel hy kan nie nou sleg voel nie want
  - Rossinski is op pad en Selling moet nog die karwatse en velle klaarmaak.

Die sensusopnemers daag weer daar op.

- 👎 Mister Goldsbury, die nuwe magistraat in Knysna, wil Benjamin Vrydag by die hof hê.
- 👎 Die van Rooyens sal ook daar wees om die kind uit te ken
- 👎 Wil die geheim nou opklaar.

Fiela voel die magistraat en bosvrou (soos sy Barta noem) kan Benjamin op Wolwekraal kom sien.

* Fiela sê sy sal Benjamin self Knysna toe vat.

- 👎 Lange sê sy kan nie want dit is 2 dae te voet of langer met die kind by haar en Benjamin moet Vrydag daar wees.
- 👎 Fiela nou opgeklits en wil weet hoe is dit dan moontlik dat hulle dink dat 'n kind van 3 jaar alleen oor die berge kon kom tot by Wolwekraal maar nou is dit te ver om Knysna toe te loop.

* Fiela wil saamry maar daar is nie plek op die perdekar vir haar nie.

- 👁 Fiela het Benjamin belowe dat sy niemand sal toelaat om hom te vat nie.

* Die mans belowe om mooi na hom te kyk en hom die Saterdag terug te bring.